

2 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 2

Fokusgedeelte: Psalm 2:11

Dien met vreugde

Nee, dit is nie die groot wêreldleiers wat alles beheer nie. Dit is nie hulle wat al die mag het nie – miskien baie mag, maar nie *almagtig* nie. Dit is die troos vir die gelowige kind van God. Die gelowige het 'n Koning aan Wie hy hom oorgee. Hy het die sekerheid van God wat dra, versorg en voorsien. Hy ken sondevergewingsgenade en wag op die heerlikheid van die ewige lewe. Hy is omvou deur God se liefde.

Sonde en afval van God begin by die mens wat te groot is in sy eie oë. Hy bou om hom sy eie koninkryk waarin hy God en ander mense nie nodig het nie. Dan kan die lewe egter so maklik vir jou te veel word. Dan stoot jy God af en beskuldig Hom selfs dat Hy Hom nie aan jou steur nie, net omdat Hy nie volgens jou pype dans nie.

Psalm 2 het die oproep om voor God klein te word, om by die eintlike Koning in jou lewe uit te kom. Om Hom te erken as Koning in jou lewe, vra:

- diens met ontsag;
- toejuiging met vrees en bewing;
- onderdanigheid.

Dit beteken dat jy nie jou eie koning wil wees nie, maar verstandig wil wees, met innerlike wysheid – en wysheid is, spel die Bybel dit uit, om God te dien. Jy doen dit met vrees en bewing, want jy staan klein voor die grote God. Jy doen dit met oorgegewenheid en toewyding. Jy buig geheel en al voor jou Koning. Jy volg Hom in alles op sy Woord.

Dit bring ware blydskap in jou lewe, want jy beleef die vrede wat daar nou is tussen jou en jou hemelse Vader. Jou enigste troos in hierdie donker wêreld is juis dat jy in alles, na liggaam en siel, aan jou getroue Verlosser, Jesus Christus, behoort. Hy bewaar en dra jou. Deur die Heilige Gees maak Hy jou bereid om net vir Hom te lewe. (HK, antw. 1). Dit bring:

- hoop in 'n troostelose toekoms
- sekerheid in 'n onsekere lewe
- rustigheid in onrustigheid
- uitsig in 'n donker geswoeg
- nuwe lewe in 'n ou bestaan
- vreugde in benoudheid en donkerte
- dankbaar in voorspoed
- geduldig selfs in teëspoed

... want ons bly in die hand van ons Vader en niks kan ons van sy liefde skei nie (HK, antw. 28). Dan gaan dit mos goed met almal wat by Hom skuiling soek (vs. 12)!

Sing: Psalm 2:6 (Totius)

Ds. RG Aucamp (Emeritus)